

Die slag van Waterloo het bevryding van die Franse heerskappy meegebring en in 1815 het 'n aantal staatsmanne uit Brittanje, Pruise, Rusland en Oostenryk 'n kongres in Wenen gehou om onder andere beginsels vir 'n nuwe stabiele politieke orde neer te lê.<sup>189</sup> Hoewel daar meningsverskille was, was die meederheid ten gunste van volle burgerskap en gelykheid vir almal. Dié owerhede wat teen Joodse emansipasie ingestel was, was egter vry om self oor norme vir Joodse burgerskap te besluit<sup>190</sup> - "thus began a movement against the Jews such as had long been unknown to German society."<sup>191</sup> In Frankryk en Holland het die Jode hulle vryheid behou, in die ander lande is sekere beperkings ingestel maar in die Pouslike state was dit 'n ander saak. Daar was die Jode van die buie van die heersende pous afhanklik en was van tyd tot tyd verplig om weer in ghettos te woon en Joodse stigmatiserende kentekens te dra.<sup>192</sup>

## DIE TYDPERK VAN EMANSIPASIE

Die Verligtingsdenkers het die weg vir Joodse emansipasie gebaan met hulle kritiese behandeling van die Joodse vraagstuk. Hierdie tydperk het van die laat agttiende eeu tot ongeveer 1914 geduur. Die begrip emansipasie het in hierdie konteks beteken: "The attainment of equal rights before the law, the logical consequence of the principle that a nation should have a uniform system of law for all its citizens."<sup>193</sup> Maar Joodse emansipasie, en die gepaardgaande *Judenfrage* was egter nie duidelik omskryf nie sodat dit probleme ingehou het. Die Duitse filosoof, J. G. Fichte, het beweer dat die Jode as 'n nasie die *Gentiles* sou haat en derhalwe sou Joodse emansipasie ondenkbaar wees.<sup>194</sup> Vir 'n Duitse Protestantse teoloog, B. Bauer, was emansipasie nie net 'n Joodse probleem nie, dit was 'n probleem van die tydperk omdat hy 'n voorstander

<sup>189</sup> T. H. Greer, *A brief history of the Western World*, 1987, p. 414; The Congress of Vienna, Article 16 (June 8, 1815). In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jews in the modern world*, 1995, p. 143.

<sup>190</sup> R. Gay, *The Jews in Germany: A historical portrait*, 1992, p. 127.

<sup>191</sup> S. Dubnov, *History of the Jews*, Vol. v, 1916-1920 p. 23; R. Gay, *The Jews in Germany: A historical portrait*, 1992, p. 134.

<sup>192</sup> J. Comay, *The Diaspora story*, 1981, p. 217; S. Waagenaar, *The Pope's Jews*, 1974, pp. 179-191.

<sup>193</sup> K. M. Olinsky and R. H. Isaacs, *A glossary of Jewish life*, 1991, p. 100.

<sup>194</sup> J. G. Fichte, *A state within a state* (1782). In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, pp. 44-47.

daarvan was dat die hele gemeenskap van religie as sodanig bevry moes wees.<sup>195</sup> Bauer het beweer dat die Jode se begeerte om hulle identiteit te behou, onversoenbaar met die moderne denkwysse sou wees en 'n onoorbrugbare kloof vir emansipasie sou meebring.<sup>196</sup> Die Joodsgebore-Duitse sosialis, Karl Marx, het volgehou dat emansipasie die Jode van hulle self moes bevry omdat *geld* die Jode se jaloerse god sou wees,<sup>197</sup> sodat "in its final meaning the emancipation of the Jews is the emancipation of humanity from Judaism".<sup>198</sup>

Die Verligtingsdenke het vir die ernstige Jode 'n kultuurskok ingehou en hulle wysgere sodanig beïnvloed dat die *Haskalah*, Joodse verligtingsdenke, ontstaan het wat 'n verset teen die tradisies van die Judaïsme te weeg gebring het.<sup>199</sup> Dié Jode het gevra watter rol die sekulêre kultuur in die kultuur van God kon speel, omdat hulle deur die eeue heen geglo het dat die straf wat hulle van die *Gentiles* moes verduur, die wil van God sou wees.<sup>200</sup> Dit het beteken dat 'n "ghetto of stone with a ghetto of intellect" vervang is,<sup>201</sup> en "they were entering a new, less tangible but equally hostile ghetto of suspicion. They had changed ancient disabilities for modern anti-Semitism."<sup>202</sup>

Die kritiek op die Joodse leefwyse het getoon dat die anti- en pro-Joodse denkwyses ten opsigte van Joodse regte betreklik ooreengestem het, soos menings oor die begrip *Joodse nasionale karakter* getoon het. Hiervolgens is die moraliteit van die Joodse nasionale karakter bevraagteken en het dit die grondslag vir Jodehaat gevorm. Die *Gentiles* se begrip van die Joodse nasionale karakter was op mites van die Middeleeue en die Reformasie asook op die *Adversus Judaeos* perspektief soos Luther voorgehou het, gegrond. Daarvolgens sou die Joodse nasionale karakter onder meer die duiwel simboliseer. Daarom moes die Jode van die duiwel bevry word deur die

<sup>195</sup> R. Gay, *The Jews of Germany: A historical portrait*, 1992, p. 148.

<sup>196</sup> B. Bauer, *The Jewish problem* (1843). In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, pp. 321-324.

<sup>197</sup> R. Gay, *The Jews of Germany: A historical portrait*, 1992, p. 148.

<sup>198</sup> K. Marx, *On the Jewish problem*. In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, p. 326.

<sup>199</sup> S. Ettinger, *The Jews and the Enlightenment*. In E. Kedourie (ed.), *The Jewish world*, 1979, p. 224.

<sup>200</sup> *Ibid.*, p. 299.

<sup>201</sup> P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, p. 340.

<sup>202</sup> *Ibid.* p. 310.



Judaïsme met *Ausrottung*, uit te delg.<sup>203</sup> Die historikus, W. L. Shirer, beweer: "There is not space in this book to recount adequately the immense influence that Martin Luther.....left.... on the life of the Germans, for both good and bad....."<sup>204</sup>

Joodse emansipasie was afhanklik van die ingesteldhede van die *Gentiles* met wie hulle gemeenskappe gedeel het. 'n Britse politikus, T. Macaulay, het die Jode se onvermoë om *eerbaar* en *nuttig* te wees bevraagteken en dit sò gestel: "That a Jew should be a judge in a Christian country, would be most shocking,"<sup>205</sup> en om sy punt te bewys het hy uit die Skrif aangehaal: "It is foretold, that they are to be wanderers. Is it, then, right to give them a home? It is foretold, that they are to be oppressed. Can we with propriety suffer them to be rulers? To admit them to the rights of citizens, is manifestly to insult the Divine oracles."<sup>206</sup> 'n Duitse prokureur, dr. G. Riesser, het gelyke regte vir gelowige Jode bepleit en die begrip nasionale karakter as irrelevant beskou, maar vir die meeste pro- en anti-Joodse denkers was dit die kern van die *Judenfrage*.<sup>207</sup>

Uit die debat in die negentiende eeu met betrekking tot die "Joodse vraagstuk" het probleme na vore gekom. Die *eerste probleem* het ontstaan met die woord *regte*. Watter regte ter sprake sou wees en hoe dit omskryf kon word. Verskillende regte is geïdentifiseer: Natuurlike biologiese, mense-, burgerlike-, en politiekeregte. Oor natuurlike biologiese regte was daar geen probleme nie want elke mens het die reg op fisieke oorlewing verstaan. Oor *menseregte* het sommiges gemeen dat Jode vryheid van geloof kon hê, maar ook beskerm moes word teen die aggressie van hulle Christenbure. Andere was van mening dat die Jode lievers vermoor of verban moes word, maar teoreties was die ideaal van menseregte wel aanvaar. Met *burgerregte* is die ideaal gestel dat alle diskriminerende maatreëls wat vanaf die Middeleeue gegeld het, geskrap moes

<sup>203</sup> P. L. Rose, *German question/Jewish question. Revolutionary antisemitism: From Kant to Wagner*, 1990, pp. 33.

<sup>204</sup> W. L. Shirer, *The rise and the fall of the Third Reich*, 1960, p. 121.

<sup>205</sup> T. Macaulay, *Civil disabilities of the Jews (1831)*. In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, p. 146.

<sup>206</sup> *Ibid.*, p. 149.

<sup>207</sup> P. L. Rose, *German question/Jewish question. Revolutionary antisemitism: From Kant to Wagner*, 1990, p. 62; S. Dubnov, *History of the Jews*, Vol. v, 1916-1920, pp. 43-50.

word. Dit het onder andere verwys na spesiale belastings en heffings wat die Jode moes betaal, die woongebiede of ghettos waar hulle verplig was om te woon, beperkings wat op die aantal huwelike gestel is, en verbod wat op professies, onderwys- en opleidingsgeleenthede ingestel is. Hierdie regte moes tot *Bürgertum*, oftewel sosiale burgerskap, aanleiding gee. Met *politieke regte* was die ideaal dat die Jode ten volle tot professies en geleenthede in die openbare lewe toegelaat sou wees om as nuttige *Staatsbürger*, erken te word.<sup>208</sup> Hierdie ideaal van burgerskap was moeilik om in die Duitse state te bereik, omdat Jode volgens die Duitsers as vreemd, immoreel en "anders" as hulle self beskou is. Marx het byvoorbeeld onderskei tussen die "Sabbath Jews" wat met die Judaïsme besiel sou wees en die "Everyday Jews", die sekulêre, selfsugtige wesens wat Mammon sou aanbid sodat politieke emansipasie onmoontlik sou wees indien hulle nie hulle geloof sou afsweer nie.<sup>209</sup>

Die *tweede probleem* het gewentel om die begrip Jode: Watter Jode? Sekere denkers het alle Jode ingesluit, ander was van mening dat dit net 'n geselekteerde bevoorregte groep sou wees wat op gelyke regte aanspraak kon maak. 'n *Sefardim* filosoof, I. de Pinto, van Holland het verduidelik: "The Jew is a chameleon that assumes all the colours of the different climates he inhabits, of the different people he frequents, and of the different governments under which he lives".<sup>210</sup> Die kenmerke van die nasionale karakter van *Ost-Juden en West-Juden*, sou vanweë hulle verskillende oriëntasies en lewensuitkyk, nie ooreenkom en veralgemeenbaar wees nie.

Die *derde probleem* was administratief van aard en het met regulasies ten opsigte van naturalisasie en immigrasie verband gehou. Dit is ironies omdat Jode reeds voor en tydens die Romeinse Ryk in Europa gewoon het en daarom geen ander tuisland behalwe die land van hulle geboorte, byvoorbeeld Duitsland, gehad het nie.

<sup>208</sup> P. L. Rose, *German question/Jewish question. Revolutionary antisemitism: From Kant to Wagner*. 1990, pp. 61-69.

<sup>209</sup> K. Marx, On the Jewish problem. In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, p. 324-327.

<sup>210</sup> I. de Pinto, An apology for the Jewish nation. In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, pp. 305-306.



Die vierde probleem was dat verskillende menings ontstaan het. Die liberales het Joodse emansipasie aanvaar, die konserwatiewes wou die status quo behou en die onverskilliges het dit as die staat se probleem beskou. Die kern van die "Joodse vraagstuk" was die betekenis van begrippe soos *gelykheid* en *Joodse nasionale karakter* en die implikasie wat dit vir *Joodse nuttigheid* ingehou het.<sup>211</sup>

Joodse emansipasie het dus die volgende probleme ingehou: Gelyke voorregte vir almal, die bewustelike voortbestaan van die Jode as 'n spesiale groep mense in die samelewing en die herroeping van beperkings op Joodse gedrag. Sonder 'n eie grondgebied en regering van hulle eie was Jode deurgaans as inter-Europees beskou, hoewel hulle byvoorbeeld as Duitse Jode bekend wou staan. Gelykheid vir almal was 'n nuwe gedagte aangesien 'n klassesstelsel in Europa geheers het waar die adel en die regerende klasse besondere voorregte geniet het. Die Jode was egter 'n eksklusiewe klas omdat hulle nie werkers, landbouers, kleinboere en grondbesitters was nie. Hoewel sommige Jode welaf was, het hulle nie by die middelstand ingepas nie, maar het nogtans tot die ontstaan van kapitalisme bygedra.<sup>212</sup>

Aan die begin van die negentiende eeu het negentig persent van die "Duitse" Jode nog in landelike gebiede gewoon waar 'n groot aantal verarm en agterlik geleef het in 'n samelewing wat op Christelike norme gefundeer is, hoewel vrydenkers ook voorgekom het.<sup>213</sup> Die Industriële Revolusie wat reeds in die agtiende eeu in Brittanje 'n aanvang geneem het, en geleidelik na Europa versprei het, het verstedeliking en sosiale veranderinge meegebring. Industriële ontwikkeling en die fabriekstelsel het tot die vorming van 'n stedelike middelklas bygedra. Dit het werksgeleenthede vir die laer klasse meegebring sodat 'n sterk werkersklas ontwikkel het waarvan Jode aanvanklik 'n groot deel uitgemaak het. Hierdie Joodse werkers was daarop ingestel om hulle status in die ekonomiese gemeenskap te verbeter sodat die stereotipe "economic man" ontstaan het. Die *Gentiles* het dit aan "the single eye with which the Jew will always strive after

<sup>211</sup> P. L. Rose, *German question/Jewish question. Revolutionary antisemitism: From Kant to Wagner*, 1990, pp. 61-69.

<sup>212</sup> H. Arendt, *The origins of Totalitarianism*, 1975, p. 13.

<sup>213</sup> D. Feldman, *Englishmen and Jews: Social relations and political culture*, 1994, pp. 11-12.

what is profitable<sup>214</sup> toegeskryf. Maar die Jode self het gemeen dat dit hulle deursettingsvermoë is wat hulle in staat gestel het om in moeilike omstandighede ekonomies te oorleef. In al die gemeenskappe was die Jode 'n herkenbare kulturele groep wat "anders" as die *Gentiles* voorgekom het: Hulle is as 'n aparte nasie, 'n uitverkore volk, 'n etniese groep met 'n eie nasionale karakter bestempel.<sup>215</sup> Hierdie "andersheid" van Joodsheid was 'n sensitiewe aangeleentheid aangesien die meeste Jode se voorkoms nie van dié van die *Gentiles* verskil het nie. Hulle "andersheid" en stereotipes sou nie oornag verdwyn nie, Judeofobie was te diep gesetel.<sup>216</sup> Die *Gentiles* se definisie van die begrip *Joodse nasionale karakter*; was die belangrikste strydvraag vir sosiale aanvaarding. Die wyse waaraan die Jode aan die voorwaardes vir emansipasie sou voldoen en diskriminerende gebeurtenisse wat in die samelewing plaasgevind het, het ook probleme ingehou.<sup>217</sup>

Na die Kongres in Wenen in 1815 het die "Joodse vraagstuk" in die verskillende Duitse state opnuut opgevlam. Solank Jode Judaïsme sou aanhang, sou hulle nie op burgerlike regte aanspraak kon maak nie. Vir G. Riesser, wat as 'n Jood nie toegelaat is om sy beroep as prokureur te kon beoefen nie, was dit onaanvaarbaar, omdat Jode al honderde jare in die Ryng gebied woonagtig was en hulle boonop die Duitse state as hulle geboorteland beskou het. Hy het dit sò gestel: "We will readily sacrifice everything for this state: not, however, belief and loyalty, truth and honour, for Germany's heroes and Germany's sages have not taught us that one becomes a German through such sacrifices."<sup>218</sup>

Die historikus, H. von Treitsche, het beweer dat Jode nooit deel van die Duitse nasie kon wees solank as hulle geweier het om hulle tot die Christelike geloof te bekeer nie. In reaksie hierop het 'n filosoof aan die Universiteit van Marburg, H. Cohen, op die "eenheid" van die Judaïsme en die Christelike geloof gewys en dit pertinent gestel dat 'n simbiose tussen Duitsers en Jode moontlik sou wees. 'n Historikus, J. C. Lyden, het Cohen se mening sò opgesom:

<sup>214</sup> *Ibid.*, p. 142.

<sup>215</sup> P. L. Rose, *German question/Jewish question. Revolutionary antisemitism: From Kant to Wagner*, 1990, pp. xvi.

<sup>216</sup> *Ibid.*, pp. 61-69.

<sup>217</sup> *Ibid.*, p. 26.



Judaism is already part of Germany's spiritual heritage, and Jews are already Germans...Cohen made a sharp distinction between cultural assimilation, which he favoured, and religious assimilation, which he did not. Jews and Christians can exist more harmoniously as two parts of one nation, but this unity does not require either group to give up its religion; in fact, each contributes to the German spirit precisely through the uniqueness of its own beliefs.<sup>219</sup>

Maar Joodse sosiale aanvaardig, dit wil sê om toegang tot die Europese samelewing te verkry, het nogtans in die Duitse state van die Christelike doop afgehang, ongeag daarvan dat diegene wat hulle tot die doop gewend het, nie oortuigde Christene was nie. Indien hulle Christene sou word moes hulle hulle identiteit en tradisies prysgee, wat vir hulle onaanvaarbaar was.<sup>220</sup> 'n Historikus, R. Gay, verduidelik dat daar nogtans *eine Taufwelle*, 'n golf van bekerings voorgekom het, maar dat die getal gering was indien daar in ag geneem word watter politieke, ekonomiese en sosiale voordele daarmee gepaard sou gaan.<sup>221</sup> Indien 'n man hom sou bekeer sou dit egter beteken dat hy "the last Jew" in 'n lang geslag sou wees, sodat die verwantskapslojaliteit en oordraging van kulturele norme van geslag na geslag, tot niet sou wees. Bekering sou ook geen einde aan die "Joodse probleem" bring nie omdat die Jode wat hulle wel bekeer het deur Jode sowel as Christene gewantrou is.<sup>222</sup> Desondanks het 250,000 Jode in die negentiende eeu gepoog om met die doop te deel in die voordele wat dit sou inhou, maar dit het nie altyd persoonlike bevrediging meegebring nie.<sup>223</sup> Dié Jode wat nie vir bekering kans gesien het nie, kon as ondergeskiktes stilweg hulle gang gaan òf besluit om na elders uit te wyk.<sup>224</sup>

In die Europese samelewing het gebeure van tyd tot tyd plaasgevind wat Joodse emansipasie benadeel het soos die oproere waartydens *Hep-Hep*-geskreeu is, wat sou beteken dat Jerusalem geval het.<sup>225</sup> Hierdie oproere van 1818 het vanaf

<sup>218</sup> H. Paulus and G. Rieser, The Paulus-Rieser debate (1831). In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, pp. 144-145.

<sup>219</sup> E. R. Wolfson and P. Mendes-Flohr, J. C. Lyden, Hermann Cohen's relationship to Christian thought. In *The Journal of thought and philosophy*, 3 (1) 1993, (Special issue), pp. 283-285.

<sup>220</sup> B. Rubin, *Assimilation and its discontents*, 1995, pp. 32- 50.

<sup>221</sup> R. Gay, *The Jews in Germany: A historical portrait*, 1992, p. 139.

<sup>222</sup> W. Rathenau, Hear, o Israel! (March 16, 1897). In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, pp. 267-268.

<sup>223</sup> P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, p. 312.

<sup>224</sup> B. Rubin, *Assimilation and its discontents*, 1995, p. 162.

<sup>225</sup> R. Gay, *The Jews in Germany: A historical portrait*, 1992, p. 138.

München vinnig na ander stede en selfs lande soos Denemarke, Pole en Littaue versprei. In Frankfurt was die *Hep-Hep*-oproere veral teen die Rotschilds se bankinstellings gemik.<sup>226</sup> Dié oproere het spontaan onder die werkersklas en handelaars ontstaan omdat hulle die Jode as mededingers beskou het.<sup>227</sup> Dit was vir die owerhede 'n aanduiding dat emansipasie onwenslik sou wees.<sup>228</sup> Hierdie overte Judeofobie wat bygedra het dat Joodsheid gekritiseer is, het eintlik beteken dat "menslike emansipasie" nodig sou wees om vrede moontlik te maak.<sup>229</sup> Dié slagspreke het Jode diep geskok sodat hulle getwyfel het of hulle ooit 'n toekoms in Europa sou hê.<sup>230</sup>

Na hierdie voorvalle het die Jode besef dat hulle iets moes doen om Joodsheid in 'n positiewe lig te stel. 'n Vereniging "*Wissenschaft des Judentums*" was in 1821 in die lewe geroep met die doel om die Jode se assimilasie in die Europese samelewing te vergemaklik.<sup>231</sup> 'n Berlynse filosoof, I. Wolf (Wohlwill), beweer dat die ideaal was:

On this level the relationship of strangeness in which Jews and Judaism have hitherto stood to outside world must vanish. And if one day a bond is to join the whole of humanity, then it is the bond of science, the bond of pure rationality, the bond of truth.<sup>232</sup>

Bekerings was tradisioneel nodig om vervolging en dood vry te spring, sodat die Jode gemeen het dat emansipasie bekerings onnodig moes maak. Maar moderne Jode soos H. Marx, Karl se vader, was genoodsaak om die Christelike geloof in 1824 te aanvaar ten einde sy beroep as prokureur te kon beoefen, sodat hy vir sy gesin kon sorg.<sup>233</sup> Die Joods-Duitse digter, H. Heine, het hom in 1825 laat doop ten einde 'n "toegangskartjie tot die Europese samelewing" te verkry. Dit het nie vrede gebring nie omdat hy gevoel het dat hy as 'n Jood, en

<sup>226</sup> *Ibid.*, p. 317.

<sup>227</sup> *Ibid.*, p. 138.

<sup>228</sup> E. Gans, A society to further Jewish integration. In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, pp. 215-219.

<sup>229</sup> H. von Treitschke, A word about our Jewry. In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, pp. 343-346.

<sup>230</sup> P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, p. 209.

<sup>231</sup> *Ibid.*, p. 209.

<sup>232</sup> I. Wolf, On the concept of a science of Judaism (1822). In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, p. 219.

<sup>233</sup> H. Heine, A ticket of admission to European culture (1823, c. 1854). In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, pp.



ook as 'n Christen gehaat is, sodat hy met die "Wandelende Jood" geïdentifiseer het. Hierdie ewige Ahasveros wat na rus op soek was, was vir Heine die simbool van die Joodse volk se verstrooiing.<sup>234</sup> Rubin verduidelik die dilemma waarin geassimileerde Jode hulle bevind het: "Heine exemplified the blend of self-hatred and bitter pride found in so many assimilating Jews...For a man in Heine's position, the danger was that being a Jew, Christian, or cynic...might all be masks rather than identities."<sup>235</sup> Die Joodse wysgere het religieuse getrouheid baie hoog geag sodat bekering tot die Christendom wat sekere Jode noodsaaklik geag het, sterk afgekeur is.<sup>236</sup>

Judeofobie, is deur die instelling van *Hofjuden* bevorder. Hierdie hofjode wat as finansiële raadgewers deur die adel en owerhede in diens geneem is,<sup>237</sup> sou oor "worldly wisdom coupled with diplomatic skills and psychological insight"<sup>238</sup> beskik het. Hulle het dus die beskerming van hulle opdraggewers geniet en het geleenthede benut om eie ondernemings op te bou.<sup>239</sup> Die vorming van die privaat bankinstellings, wat tot die ontstaan van wêreldwye internasionale ekonomiese netwerke gelei het, het Judeofobie ook bevorder. Hierdie bankiers was gewoonlik internasionaal betrokke en was gewoonlik *Hofjuden* of afstammelinge van hof-Jode. 'n Goeie voorbeeld is die Rotschildsfamilie wat die belangrikste verwantskapsgroep is wat nooit die doop aanvaar of finansiëel ondergegaan het nie.<sup>240</sup> Die Rotschildbanke se internasionale verbintenis het soveel invloed uitgeoefen dat die Jode se besigheidsstruktuur sodanig verander het dat individuele Jode meesal nie meer alleen gefunksioneer het nie, maar as verwantskapsgroepe ekonomies meer produktief ingestel was:

---

 258-259.

<sup>234</sup> P. L. Rose, *German question/Jewish question. Revolutionary antisemitism: From Kant to Wagner*. 1990, p. 167.

<sup>235</sup> B. Rubin, *Assimilation and its discontents*, 1995, p. 15.

<sup>236</sup> P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, p. 326.

<sup>237</sup> H. Arendt, *The origins of Totalitarianism*, 1975, p. 14.

<sup>238</sup> W. E. Mosse, Wilhelm II and the Kaizerjuden: A problematical encounter. In J. Reinharz and W. Schatzberg (eds.), *The Jewish response to German culture: From the Enlightenment to the Second World War*, 1995, p. 173.

<sup>239</sup> M. Steinberg, *The making of the modern Jew*, 1959 p. 143; D. Herz, Emanicipation through intermarriage in old Berlin. In J. R. Baskin (ed.), *Jewish women in historical perspective*, 1991, p. 182.

<sup>240</sup> P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, p. 317; R. Gay, *The Jews in Germany: A historical portrait*, 1992, p. 72.

The popular notion that the Jews - in contrast to other peoples - were tied together by the supposedly closer bonds of blood and family ties, was to a large extent stimulated by the reality of this one family, which virtually represented the whole economic and political significance of the Jewish people. The fateful consequence was that when, for reasons which had nothing to do with the Jewish question, race problems came to the foreground of the political scene, the Jews at once fitted all ideologies and doctrines which defined a people by blood ties and family characteristics.<sup>241</sup>

Die Rotschildsbanke het byvoorbeeld verskillende regerings tydens oorloë gefinansier deurdat hulle takke in al die groot sentra in Europa gehad het. Hierdie bankiers het ook die gebruik van "papiergeld" ingestel om hulle teen owerste Judeofobie te beskerm. Die finansiële aantrekkingskrag en mag van dié Joodse ondernemings het die politieke beleid van owerhede sò gunstig beïnvloed dat hulle oral in Europa by spoorwegontwikkeling en soortgelyke projekte betrokke was.<sup>242</sup> Die banke se internasionale bande het hulle in staat gestel om inligting uit alle oorde te verkry en kreatief aan te wend sodat hulle teen die helfte van die negentiende eeu reeds oor 'n telegraafnetwerk beskik het.<sup>243</sup> Die meerderheid middelklas Jode was by handels- en assuransiewese betrokke.<sup>244</sup> Hierdie Joodse ekonomiese prestasies het dié nadeel ingehou dat dit Judeofobie algaande meer in die hand gewerk het.<sup>245</sup>

Die ontwikkeling van 'n geïndustrialiseerde samelewing het tot die ontstaan van 'n infrastruktuur soos die vervoerwese, ekonomiese instellings, kapitaalskepping vir nuwe ondernemings en bestuursvernuif, aanleiding gegee. Kreatiewe Jode het geleenthede aangegryp om in ondernemings soos die ontwikkeling van elektriese krag, spoorweë, inligtingverspreiding, versekering, die bank- en verbruikerswese, 'n rol te speel.<sup>246</sup> Ekonomiese prestasies van sekere Jode het geleidelik tot die aftakeling van die "sosiale ghetto" aanleiding gegee omdat finansiële vooruitgang belangrike koverte beweegredes vir emansipasie was. Maar die ekonomiese sukses van die Rotschilds en ander kapitaalkragtige Jode in Europa en Brittanje het by die *Gentiles* tot Judeofobie gelei wat in *Judenhass*,

<sup>241</sup> H. Arendt, *The origins of Totalitarianism*, 1975, p. 27.

<sup>242</sup> P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, p. 314-318.

<sup>243</sup> *Ibid.*, p. 316.

<sup>244</sup> D. Feldman, *Englishmen and Jews: Social relations and political culture*, 1994, p. 22.

<sup>245</sup> P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, pp. 317-318.



Jodehaat, ontwikkel het en wat tot die vorming van stereotipering en ekonomiese anti-Semitisme gelei het.<sup>247</sup>

Hoewel Joodse emansipasie 'n aanvaarde beginsel was, kon die stigma van Joodsheid en die beweerde negatiewe eienskappe van die *Joodse nasionale karakter* nie uitgewis word nie aangesien die mites oor die Joodse lewenswyse nie geïgnoreer kon word nie.<sup>248</sup> Die Damaskusvoorval in 1840, nadat 'n monnik en sy bediende vermoor is, het die mite van rituele moorde tydens Paasfees laat herleef. Verskeie Jode is aangekla, gevange geneem en gemartel, en twee Jode is gedood. Dit het wêreldwyd opslae gemaak sodat die bankier J. de Rotschild vir hulle by die pous ingetree het.<sup>249</sup> In Londen het die voorsitter van die Joodse Raad, M. Montefiore, en 'n bekende Franse regsgeleerde, A. Crémieux, na Sirië gegaan om vir die vrylating van die Jode te onderhandel.<sup>250</sup> Hierdie *Judenhass*, wat in Europa voorgekom het, het 'n Duitse bekeerde Jood, L. Börne, toegeskryf aan liefdeloosheid en Mammonisme. Hy het beweer dat Jode altyd die slagoffers van die liefdelose Christene was sodat dit hulle tot geldmaak gedryf het en dus genoodsaak was om Mammon te dien. As egoïste sou hulle soos die "Wandelende Jood" *Ahasveros*, rusteloosheid weerspilleël. Daarbenewens sou *Judentümlichkeit*, aan liefdeloosheid, selfsug en kapitalisme gekenmerk word waarvan die mensdom ten alle koste bevry moes word om die ver-Joodsing van Christene te voorkom. Ook het hy volgehou moes die *Untergang* van Joodsheid deur emansipasie en totale assimilasie verkry word sodat die Jode as voormalige uitgeworpenes in 'n gelukkige samelewing opgeneem kon word. Börne se ingesteldheid dat Jode 'n obsessie met geld gehad het, is deur Marx en die *Gentile* R. Wagner die Duitse komponis, oorgeneem.<sup>251</sup> Godsdienstige Judeofobie sou voortaan ook rassitiese, kulturele en ekonomiese eienskappe

<sup>246</sup> R. Gay, *The Jews in Germany: A historical portrait*, 1992, p. 169.

<sup>247</sup> P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, p. 377.

<sup>248</sup> N. de Lange, The origins of anti-Semitism: Ancient evidence and modern interpretations. In S. L. Gilman and S. T. Katz (eds.), *Anti-Semitism in times of crisis*, 1991, pp. 21-36.

<sup>249</sup> S. Waagenaar, *The Pope's Jews*, 1974, p. 206.

<sup>250</sup> J. Comay, *The Diaspora story*, 1981, p. 196; P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, p. 322.

<sup>251</sup> P. L. Rose, *German question/Jewish question. Revolutionary antisemitism: From Kant to Wagner*. 1990, pp. 157-158.

toon sodat Börne deurgaans van sy Joodsheid bewus was en besef het dat bekering nie sy "Joodse probleem" opgelos het nie, sodat hy beweer het:

Yes, because I was born a slave I love freedom more than you do. Yes, because I have learnt about servitude, I understand more about freedom than you do. Yes, because I was born to no fatherland, I yearn for a fatherland more fervently than you.<sup>252</sup>

Tydens die oorlog tussen Frankryk en Pruise vanaf 1870-1871 het 7,000 Jode in die Duitse leer diens gedoen ten spyte daarvan dat hulle nie volle Duitse burgerskap gehad het nie. Ondanks die teenkating van die *Gentiles* was Joodse emansipasie in die Duitse state 'n geleidelike proses eerder as 'n gebeurtenis toe dié ideaal op 16 April 1871 bereik is,<sup>253</sup> en die Jode geglo het dat hulle as Duitsers in taal, lewensuitkyk en patriotisme aanvaar is. Hoewel wetgewing die Jode bevry het, het die sosiale werklikheid getoon dat Jode inderdaad nie ten volle gelykgestel is nie. Hulle kon nie offisiere in die weermag word nie, was in klein getalle in onderwysprofessies toegelaat en in die openbare sektor was hulle net in laer status beroepe betrokke en "the humiliating Jewish oath, which Jews were required to take while standing on a bloody pig skin was abolished piecemeal and slowly."<sup>254</sup> Joodse emansipasie sou beteken dat hulle aan die ideale van *Bildung*, beskaafdheid maar ook *Sittlichkeit*, moraliteit, soos die Duitsers dit verstaan het, moes voldoen. In Brittanje moes akkulturasie daartoe bydra dat die Jode se "exclusive spirit" minder "anders", eksklusief en opvallend sou voorkom. Dit moes die Jode verkry deur 'n proses van selfverbetering waar hulle lewenswyse en denke volgens die ideale, norme en morele beginsels van die Westerse denke geskoei is. *Bildung* kon burgerskap verseker maar gelykheid in 'n klassegemeenskap was volgens sosio-ekonomiese status bepaal.<sup>255</sup>

'n Franse diplomaat, Comte de Gobineau, het beweer dat die Ariese rasse, soos die Duitsers, superieur en die Semietise rasse, soos onder andere die Jode, minderwaardig sou wees. Die Ariërs, sou blankes wees terwyl die Semiete 'n geel en selfs donker gelaatskleur sou hê, sodat die ou *Adversus Judaeos*

<sup>252</sup> L. Börne, Because I am a Jew I love freedom (1832). In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jews in the modern world*, 1995, pp. 259-260.

<sup>253</sup> R. Gay, *The Jews in Germany: A historical portrait*, 1992, p. 161.

<sup>254</sup> *Ibid.*, p. 165.

<sup>255</sup> M. Steinberg, *The making of the modern Jew*, 1959, p. 143.



perspektief weer ter sprake was waar die Goeies, die met ligte velkleure en die Kwades, die met donker velkleure met mekaar in stryd sou wees. Die Duitsers sou 'n suiwer ligte ras wees wat in die Teotoniese woude ontstaan het. In teenstelling sou die Jode 'n donker onsuiver ras wees, omdat hulle na bewering gedurende die Diaspora met "Swartmense" sou ondertrou het. As 'n gemengde ras sou hulle op geen aandeel van die Duitse volk aanspraak kon maak nie - mense van die Nordiese Ariese ras sou hiervolgens die natuurlike leiers van die mensdom wees.<sup>256</sup>

Ekonomiese probleme in Europa het 'n algemene gevoel van Jodehaat meegebring. 'n Duitse ateïs en Jodehater, W. Marr, het in 1879 die Jode met mening aangeval en van valse nasionalisme en haatlike Semitiese eienskappe beskuldig omdat hulle as 'n vermeende gemengde ras uit verskillende stamme sou ontstaan en *Ahasveros*-eienskappe sou toon.<sup>257</sup> Marr het alle religieë as 'n "disease of human consciousness" beskou,<sup>258</sup> en die Jode se poging om die stigma van Joodsheid met die doop en bekering tot die Christelike geloof uit te wis, onaanvaarbaar gevind. Hiermee het Marr 'n *Juedische Goetterdaemmerung* bepleit omdat hy gevrees het dat die Jode die wêreld sou oorheers.<sup>259</sup> Marr "was among the pioneers of a self-consciously political antisemitism, convinced that this was not a peripheral matter but rather the key question of German - if not the world - society."<sup>260</sup> Hy het voorgestel dat die verskillende vorme van Judeofobie soos heidense, Christelike, rasonale, ekonomiese, morele, rassitiese en liberale *Judenhass* in die begrip *anti-Semitisme* saamgevat moes word. In 1879 is die Anti-Semitiese Liga in Duitsland deur Marr geïnisieer en het die Berlynse hofprediker, A. Stöcker, sy Christelike Sosiale Werkersparty ook hierby

<sup>256</sup> P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, p. 382; 'H. S. Chamberlain, *The foundations of the Nineteenth Century*. In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, pp. 356-359.

<sup>257</sup> P. L. Rose, *German question/Jewish question. Revolutionary antisemitism: From Kant to Wagner*, 1990, p. 287; K. E. Duering, *The question of the Jew is a question of race*. In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, pp. 333-334.

<sup>258</sup> P. L. Rose, *German question/Jewish question. Revolutionary antisemitism: From Kant to Wagner*, 1990, p. 288.

<sup>259</sup> W. Marr, *The victory of Judaism over Germandom (1879)*. In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, pp. 331-333.

<sup>260</sup> S. E. Ascheim, *The Jew within: The myth of "Judaization" in Germany*. In J. Reinhartz and W. Scahtzberg (eds.), *The Jewish response to German culture: from the enlightenment to the Second World War*, 1995, p. 236.

ingeskakel. Marr en die komponis, R. Wagner, het die "edele volkskarakter" van die Duitsers so hoog geag dat hulle beweer het dat siellose Jode soos bankiers en koerantuitgewers die Duitsers met hulle materialisme sou besoedel en hulle tot *Verjudung*, ver-Joodsing van die *Gentiles* sou lei.<sup>261</sup> Die *Gentiles* se afkeur was hierna veral gemik op Jode wat op hierdie radikale vorm van emansipasie, naamlik die doop, aanvaar het.<sup>262</sup> Volgens Marr was Frankryk met sy *Alliance Israélite Universelle*, die eerste moderne internasionale Joodse organisasie, en Brittanje met B. Disraeli, (Lord Beaconsfield), 'n etniese maar gedoopte Jood as Britse staatshoof, reeds vir die mensdom verlore.<sup>263</sup>

Namate die ideaal van anti-Semitisme by die Duitsers meer inslag gevind het, het anti-Joodse kongresse en ander anti-Joodse optredes algemeen voorgekom veral nadat *Ostjuden* uit die verarmde Russiesbeheerde gebied uit Oos-Europa vanaf 1881 in Duitsland aangekom het. Johnson skryf: "This *völkisch* rejection of the Jews took many forms...Volk-style anti-Semitism was hydra-headed, contradictory, uncoordinated, ubiquitous."<sup>264</sup> 'n Professor in Romeinse geskiedenis aan die Berlynse Universiteit, T. Mommsen, het dié negatiewe eienskappe van Jode, *Judenhetze* genoem, wat na 'n aansteeklike siekte verwys het wat spontaan onder Jode sou voorkom.<sup>265</sup> In 1881 het 'n Duitse ekonoom en filosoof, K. E. Duehring, dit pertinent gestel dat die "Joodse vraagstuk" eintlik 'n rassekwessie was wat sou aanhou bestaan al sou elke Jood by 'n erkende Christelike kerk aansluit. Hy het beweer dat die *Religionsjuden* wat geloofsgetrou is, van baie voorregte ontnem is, en die *Racenjuden*, rasegte Jode wat omdat hulle gedoop was, die gemeenskap ongehinderd met *Judenhetze*, sou besoedel.<sup>266</sup>

Die Dreyfusgebeure van 1895 in Parys het wye belangstelling geniet. Die voorval het ontstaan toe 'n vertroulike Franse militêre dokument wat aan die

<sup>261</sup> *Ibid.*, p. 227.

<sup>262</sup> W. H. Sokel, Dualistic thinking and the rise of ontological antisemitism in Nineteenth Century Germany. In S. L. Gilman and S. T. Katz, (eds.), *Anti-Semitism in times of crisis*, 1991, p. 154.

<sup>263</sup> P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, pp. 316-321.

<sup>264</sup> P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, pp. 392-393.

<sup>265</sup> R. Gay, *The Jews in Germany: A historical portrait*, 1992, p. 217.



Duitse ambassade in Parys gestuur is in die hande van die Franse Geheime Diens beland het. Die skuld vir hierdie verraad is sonder meer aan 'n Joodse offisier in die Franse leer, A. Dreyfus, toegeskryf omdat hy 'n Jood was, en Jode nie vertrou kon word nie. Hy is verhoor en aan hoogverraad skuldig bevind aangesien bewyse teen hom gefabriseer is. Hoewel hy uitgeroep het dat hy onskuldig is, het die gepeupel uitgeroep: "Death to Dreyfus! Death to the Jews!"<sup>267</sup> terwyl Dreyfus in die openbaar van sy rang onthef is. Hy moes sy vonnis op Duiwelseiland aan die kus van Frans Guiana uitdien. Hoewel gemeen is dat die saak afgehandel is, was daar diegene soos sy broer en 'n Jood B. Lazare, wat van sy onskuld oortuig was. In 1896 het Lazare 'n pamflet gepubliseer waarin hy die waarheid oor die Dreyfus geval uitgelig het en dit aan die lede van die senaat en ander openbare denkers, soos G. Clemenceau 'n parlamentslid, E. Zola en A. France twee bekende *Gentile* skrywers, gestuur het. Teen 1898 is bewerings dat 'n Duitse agent, F. Walsin-Esterhazy, die werklike skuldige was, ondersoek, maar hy is "onskuldig" bevind. Die volgende dag het Zola 'n hoofartikel onder die titel *J'accuse* in Clemenceau se koerant gepubliseer waarin hy die ongeregtighede wat teen Dreyfus gepleeg is, openbaar gemaak het. Zola se ondersoek het daartoe gelei dat hy werklike beskuldigings teen prominente mense wat by die verhoor betrokke was, pertinent onder die aandag van die Franse president en die volk gebring het.<sup>268</sup> Lazare het daarbenewens ook prominente Jode soos J. Reinach, 'n prokureur, en M. Proust, 'n Franse-Joodse skrywer, se betrokkenheid verkry, waarby hulle 'n petisie van intellektueles opgestel het om Dreyfus se saak te beveg. Maar dit was eintlik Zola se artikel wat die Dreyfus-gebeure onder die aandag an die publiek gebring het en tot 'n uiteidelike herverhoor en vrylating van Dreyfus gelei het.<sup>269</sup> 'n Rabbi, S. Levin, wat die eerste Jood was wat tot die Russiese Doema toegelaat is, het beweer dat die Dreyfusgebeure ook in Rusland wye belangstelling geniet het en

<sup>266</sup> K. E. Duering, The question of the Jew is a question of race. In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, pp. 333-334.

<sup>267</sup> P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, p. 380; M. Arkin, The Dreyfus Affair in context. In *Jewish Affairs*, Summer, 1994, pp. 59-63.

<sup>268</sup> E. Zola, *J'accuse* (January 13, 1896). In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, pp. 351-356.

<sup>269</sup> P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, pp. 386.

by Jode tot 'n gevoel van nasionalisme gelei het toe daar besef is "the Jew has been recognized as human."<sup>270</sup>

Die Dreyfusverhoor het nie net in Frankryk opslae gemaak nie, dit het wêreldwyd daartoe bygedra dat mense vir, òf teen Dreyfus, en daarmee vir, òf teen die Jode kant gekies het. 'n Joodse korrespondent van 'n dagblad in Wenen, dr. T. Herzl, het die sermonie bygewoon waar Dreyfus van sy rang ontnem was. Dit het vir hom as 'n geassimileerde Jood diep getref veral omdat Joodse emansipasie sy oorsprong in Frankryk gehad het en die gemeenskap die Jode steeds as uitgeworpenes en tuisteloses beskou het.<sup>271</sup> Dit het daartoe bygedra dat Herzl met sy Sionistiese ideaal, *Der Judenstaat*, besiel geword het. In 1897 is die eerste kongres vir Sioniste in Basel byeengeroep en het Joodse nasionalisme opgebloeï.<sup>272</sup>

Politieske emansipasie en finansiële sukses asook die voordele wat 'n oop samelewing gebied het, was vir die Jode 'n begin van die integrasieproses by die gemeenskap. 'n Joodse wysgeer, M. A. Kaplan, verduidelik:

The Jews needed admittance to bourgeois society - their ticket they believed, to acceptance as 'Germans'. To become part of a German Volk, a separate people and or a nation, identifying with ancient Germans, a Germanic soul, and a national consciousness verging on racial community, was impossible.<sup>273</sup>

Hierdie strewes van die Jode het daartoe aanleiding gegee dat die Jode wat hulle self begin handhaaf het as *parvenu*, oftewel nuwe ryk opkomelinge, gestereotipeer is,<sup>274</sup> wat hulle kwesbaar vir mites gelaat het. Die mite dat Jode seksuele maniake was het in 1888 in Londen voorgekom toe gespekuleer is dat die moordenaar van prostitute in Whitechapel, "Jack the Ripper", 'n Jood kon gewees het.<sup>275</sup> Die tydskrif *Punch* se spotprente het die Jood "Ben" as 'n kruiperige, vuil mannetjie wat met ou klere smous voorgestel, teenoor 'n

<sup>270</sup> S. Levin, *The Arena*, 1932, p. 140.

<sup>271</sup> H. Arendt, *The origins of Totalitarianism*, 1975, p. 117.

<sup>272</sup> T. Herzl, A solution of the Jewish question (1896). In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, pp. 533-538.

<sup>273</sup> M. A. Kaplan, *The making of a Jewish middle class*, 1991, p. 7.

<sup>274</sup> P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, p. 343.

<sup>275</sup> S. L. Gilman, *The Jew's body*, 1991, p. 113.



waardige Engelsman "John Bull", wat hom waarsku om hom nie met vleitaal om die bos te lei nie maar hom met sy agterstraat winkeltjie te bemoei.<sup>276</sup>

Die mite van fisieke "andersheid" het tot die vorming van stereotipes aanleiding gegee. Die Jode as sogenaamde "Semiete" was nou "anders" ge-etiket as die Ariërs wat algemeen in Europa woonagtig was en Westerse tale gepraat het. Die Joodse "andersoortigheid" was nie net vreemd nie, maar ook as minderwaardig beskou as hulle met die Ariërs vergelyk is en het dus stigma ingehou.<sup>277</sup> Die Joodse historikus, S. L. Gilman, beweer: "The desire for invisibility, the desire to become "white" lies at the centre of the Jew's flight from his or her own body."<sup>278</sup> Belangrike verskille van fisieke "andersheid" is aan Jode se liggaamsbou, stemtoon en lyftaal verbind. Derhalwe het die Jode altyd gepoog om nie te Joods te klink nie omdat dit 'n simbool, van die "disease of being Jewish", sou wees en tot self-vervreemding aanleiding sou gee.<sup>279</sup> Die idee dat die Jode se voete uniek en anders as die *Gentiles* se voete is, is 'n mite wat vanaf die Middeleeue oorgedra is toe daar geglo was dat die Jode gesplete voete soos die duiwel sou hê.<sup>280</sup> Omdat Jode se voete goed deur skoene versteek word, het die simbool van die duiwel daaraan bly kleef en was Jode as swak voetsoldate beskou. Hulle sou ook nie as volwaardige burgers tydens 'n oorlog hulle kant kon bring nie omdat hulle aan "claudication intermittens", 'n beensiekte sou lei, wat net Jode sou aantast.<sup>281</sup> Hulle sou ook aan *Judenkratze* of *parech*, 'n velaandoening onderheweig wees wat net onder Jode sou voorkom, en wat 'n simbool van God se straf sou wees. Die donker voorkoms van die vel sou aanvanklik as gevolg van sifilus op die genitalië voorgekom het en het só 'n stigma van onreinheid gesimboliseer.<sup>282</sup> In Pole was die *Judenkratze* as die *plica polonica* bekend en is die aanname gemaak dat dit veroorsaak was deur die onhigiëniese en armoedige toestande waaronder sommige Jode gewoon het.

<sup>276</sup> D. Feldman, *Engelismen and Jews: social relations and political culture*, 1994, p. 112.

<sup>277</sup> N. de Lange, The origins of anti-Semitism: Ancient and modern interpretations. In S. L. Gilman and S. T. Katz (eds.), *Anti-Semitism in times of crisis*, 1991, p. 22.

<sup>278</sup> S. L. Gilman, *The Jew's body*, 1991, p. 235.

<sup>279</sup> *Ibid.*, pp. 39, 55.

<sup>280</sup> P. L. Rose, *German question/Jewish question. Revolutionary antisemitism: From Kant to Wagner*, 1990, p. 212.

<sup>281</sup> S. L. Gilman, *The Jew's body*, 1991, p. 100.

<sup>282</sup> *Ibid.*, pp. 170-180; P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, p. 350.

Hoewel 'n ongesonde velkleur onder gesonde omstandighede kon verbeter, beweer Gilman "the Germans hate less the religion of the Jews than their race, less their peculiar beliefs than their peculiar noses... Jewish noses cannot be reformed, nor black, curly, Jewish hair be turned through baptism or combing into smooth hair."<sup>283</sup>

Hierdie sosiale omstandighede waarin die Jode verneder en benadeel is het vanselfsprekend daartoe aanleiding gegee dat hulle emigrasie oorweeg het. Joodse emigrasie uit Wes-Europa na ander lande kon sonder owerheidsinmenging plaasvind. Namate die Jode meer welvarend en geassimileerd begin raak het, het hulle ook sekere ou gebruike van die Judaïsme begin bevraagteken om dit meer in lyn met die moderne leefwyse te bring sodat hulle makliker ander wêrelddele kon aandurf en assimileer. Sekere Jode het na die buiteland die wyk geneem, maar sommige gegoedes het hulle in ander Wes-Europese stede gevestig waar meer ontwikkelingsgeleenthede beskikbaar was. Teen die tweede helfte van die negentiende eeu het ongeveer 120,000 Jode Duitsland weens diskriminasie verlaat.<sup>284</sup> 'n Gegoede Jood met ondernemingsgees, J. Bergtheil, wat uit Duitsland na Suid-Afrika verhuis het het in 1847 47 Duitse behoeftige gesinne op plase in Natal, (tans as *New Germany* bekend), gevestig en vir twee jaar onderhou.<sup>285</sup> Van die begin van die negentiende eeu het Jode uit Brittanje na Suid-Afrika verhuis, soos die Nordenbroers wat deel was van 'n groep 1820 Setlaars.<sup>286</sup> Na die ontwikkeling van die diamantbedryf in 1870 en die ontdekking van die goudvelde vanaf die tagtigerjare in Transvaal het Jode vryelik na Suid-Afrika uitgewyk.<sup>287</sup> Diegene wat in Europa bly woon het en gepoog het om hulle vaderland opreg te dien, sou in die twintigste eeu deurgaans met anti-Semitisme gekonfronteer word.

## DIE OMSTANDIGHED E IN OOS-EUROPA EN DIE JOODSE VRAAGSTUK

<sup>283</sup> S. L. Gilman, *The Jew's body*, 1991, p. 179.

<sup>284</sup> R. Gay, *The Jews in Germany: A historical portrait*, 1992, p. 222.

<sup>285</sup> J. Bergtheil: 'n Baanbreker in Natal. In *Buurman*, Desember 1971, pp. 25-27.

<sup>286</sup> A. Addleson, In the Eastern Province. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa*, 1955, pp. 299-301.

<sup>287</sup> L. Hotz, Contributions to economic development. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa*, 1955, pp. 348-369.



Die moderne Oos-Europese Joodse geskiedenis het begin toe Pole teen die einde van die agttiende eeu verdeel is en 'n groot aantal Jode tot die Russiese gebied toegevoeg is. Dié Jode was nie welkom nie omdat Jode reeds in die vyftiende eeu in Rusland as "enemies of Christ", ongewens beskou was.<sup>288</sup> In 1762 is die keiserin Katherine II met 'n "Joodse probleem" gekonfronteer: Sy het die regte wat die Jode voorheen gehad het ingekort en hulle in 'n vestigingsgebied, "Pale of Settlement", in dorpe en eie *shtetlech* (dorpies), ingeperk en as 'n gemeenskap gesamentlik vir belasting aangeslaan. Hoewel 'n idilliese leefwyse nie bestaan het nie, het hulle sosiale stabiliteit geniet sodat die tsarina selfs hulle skeldnaam *Zhidi* (*Juden*) na *Yevrei* (*Israelieten*) verander het!<sup>289</sup> Hoewel na die *Ostjuden* as 'n groep verwys word is hulle nie homogeen nie en was uit drie geografiese gebiede afkomstig: Die Poolse gebiede het oorde soos Lodz en Lublin ingesluit. In die noordwestelike gebied was Litauë wat tot die Baltiese see gestrek het en wat onder meer Kovno, Vilna en Grodno ingesluit het. Die suidelike gebied het tot by die Swartsee gestrek en het oorde soos Kiev en Odessa ingesluit.<sup>290</sup> Die Poolse Jode was 'n unieke groep wie se gebruike so van die ander verskil het dat hulle mekaar beswaarlik kon verstaan as hulle Jiddisj gepraat het. In die noordelike gebiede soos Lituaë, was die landbougrond skraal en was die gemeenskappe gedurig besig om armoede te oorwin, teenoor diegene in die suide wat met vrugbare grond geseënd is en die gemeenskappe betreklik welvarend was.<sup>291</sup>

Tydens die negentiende eeu het die Westerse denkwysse ten opsigte van Joodse emansipasie ook in Oos-Europa posgevat. Maar Rusland was die enigste land wat officieel anti-Joods ingestel was,<sup>292</sup> sodat die Jode se leefwyse deurgaans deur die tsaars wat aan bewind was, se beleid en houding onderworpe was. Hulle het die Jode nie verban nie, maar 'n beleid van "sosiale ingenieurswese" toegepas, deur Jode te verskuif, te beperk en te Russifiseer om hulle sò *nuttige* Russiese burgers te maak.<sup>293</sup> Alexander I wat vanaf 1801-1825 regeer het, het

<sup>288</sup> S. Dubnov, *History of the Jews*, Vol. iv, 1916-1920, p. 155.

<sup>289</sup> *Ibid.*, pp. 709-713.

<sup>290</sup> Nicholas I. Delineation of the Pale of Settlement (April 1835). In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, pp. 379-380.

<sup>291</sup> S. Levin, *The Arena*, 1932, pp. 16-21.

<sup>292</sup> P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, p. 358-362.

<sup>293</sup> P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, pp. 372-374.

in 1804 'n aantal statute voorgelê waarvolgens die Joodse status in die samelewing vasgelê is. Hiervolgens moes die Jode meer produktiewe arbeid verrig om *nuttig* te wees.<sup>294</sup> Dit kon nie realiseer nie aangesien landbougrond nie vir gelowige Jode beskikbaar gestel is nie sodat hulle *die doop moes aanvaar om nuttig* te word. Diegene wat hulle laat doop het, was ryklik met voorregte beloon. Aan hulle is kroongrond in 'n Israelities-Christelike gemeenskap met volle burgerregte aangebied, maar dit sou 'n totale vervreemding met hulle bloedverwante meebring. Die gelowige Jode het hierna verarm omdat hulle min geleentheid vir selfverbetering gebied is. Nadat Alexander I die Kongres van Wenen in 1815 bygewoon het, wou hy die Jode ophef en het 'n komitee saamgestel om die "Joodse probleem" te ondersoek. Hierdie komitee het die Jode as parasiete gedefinieer en aanbeveel dat die samelewing teen hulle beskerm moes word.<sup>295</sup> Sy opvolger Nicholas I, was 'n despoot wat vanaf 1825-1855 in Rusland aan bewind was, en die Jode as bloedsuiers beskou het.<sup>296</sup> Hy het radikale veranderinge in die sosiale en kulturele leefwyse van die Jode teweeg gebring,<sup>297</sup> en wou die "Joodse probleem" deur assimilasië en Russifikasie oplos sodat hy onder die Jode as die moderne Haman bekend was.<sup>298</sup> Gedurende sy bewind het hy meer as seshonderd ordonansies, regulasies en bevels uitgereik wat beperkings op die Jode se status, werk, woonplek, lewenswyse en religie, gestel het,<sup>299</sup> en in 1835 het hy wetgewing ingestel waarin die Jode se vestigingsgebied, verander is.<sup>300</sup>

Indien 'n Jood buite dié vestigingsgebied sonder 'n permit gereis het is hy nie toegelaat om terug te keer nie en het hy sy Russiese regte verbeur.<sup>301</sup> Nicholas I het gemeen dat daar in vergelyking met die *Gentiles* te veel Jode was wat handel gedryf het sodat hy 'n vermindering van Joodse handelaars gebied het. Hy het 'n belastingstelsel, die *korobka*, ingestel waar alle handelstransaksies, en Joodse

<sup>294</sup> Alexander I, Statutes concerning the organization of Jews (December 9, 1804). In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, pp. 375-377.

<sup>295</sup> S. Dubnov, *History of the Jews*: Vol. v, 1916-1920, pp. 142-149.

<sup>296</sup> *Ibid.*, pp. 153-154.

<sup>297</sup> M. Stanislavski, *Tsar Nicolas I and the Jews: 1825-1855*, 1983, p. xii.

<sup>298</sup> S. Levin, *Youth in revolt*, 1939, p. 5.

<sup>299</sup> B. Pinkus, *The Jews of the Soviet Union: The history of a national minority*, 1988, p. 7.

<sup>300</sup> S. Levin, *Youth in revolt*, 1939, p. 231.

<sup>301</sup> *Ibid.*



geriewe soos die voorsiening van *kosher* vleis, Joodse kleredrag en inkomste van Joodse badhuise belas is.<sup>302</sup>

Keiser Nicholas I wou die Jode op 'n koverte wyse by die waardes van die Russiese Ortodokse kerk, soos ortodoksie, outokrasie en nasionalisme, assimileer, sodat die Jode hulle identiteit kon prysgee. Die opvoeding van Joodse kinders in staatskole was een wyse waarop hy sy doel wou bereik,<sup>303</sup> en omdat hierdie skole nie die norme van die Talmoed eerbiedig het nie, het die ortodokse Joodse ouers gevoel dat hulle hulle kinders aan *Molok* sou opoffer. Hoewel die ouers skepties teenoor die staatskole gestaan het, was daar Joodse seuns wat verkies het om net by die staatskole te studeer. Hierdie seuns se leergierigheid het daartoe bygedra dat 'n Joods-Russiese klas van intelligensia ontstaan het wat die Russe bedreig het, sodat die Russe 'n *numerus clausus*, naamlik 'n kwotastelsel ingestel het waarvolgens die getal Joodse kinders in skole en universiteite beperk is. In 1840 is Joodse religieuse boeke gesensor of verbrand om Jode se "morele opvoeding" op te knap.<sup>304</sup>

Aanvanklik het die Russe die Jode beskryf as mense met "physical weakness, cowardice, religious fanaticism and suspect loyalty" en is derhalwe nie vir militêre diens geskik geag nie. In 1827 het Nicholas I hierdie bewerings verontagsaam en 'n kwotastelsel ingestel waarvolgens Joodse seuns verplig is om militêre diens te doen.<sup>305</sup> Die jeugdige *Kantoniste* (lotelinge) selfs tienjariges, het benewens 'n militêre opleiding, ook Russiese onderrig gekry met die doel om hulle te ver-Russies en van hulle gesinslewe en tradisies te vervreem.<sup>306</sup> Die implementering van hierdie diensplig was aan die grofste skending van die gestelde kriteria onderworpe omdat daar gepoog is om alle tekens van Joodsheid uit te wis.<sup>307</sup> Daarbenewens moes die *Kantoniste* tydens pogroms, wreedaardige oproere teen Jode, die Russe help om die "Joodse probleem" op te los, dit wil sê hulle moes teen hulle eie mense optree.<sup>308</sup> Die meeste *Kantoniste* het nooit weer na hulle gesinne teruggekeer nie, sommiges is gedwing om hulle tot die Christendom te bekeer en ander het van ontberings gesterf.<sup>309</sup> Die trauma wat dit vir die Joodse gemeenskap ingehou het, was

<sup>302</sup> M. Stanislawski, *Tsar Nicolas I and the Jews: 1825-1855*, 1983, p. 42.

<sup>303</sup> A. N. Orbach, *New voices of Russian Jewry*, 1980, p. 19; L. S. Davidowicz (ed.), *The golden tradition: Jewish life and thought in Eastern Europe*, 1976, p. 37.

<sup>304</sup> P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, pp. 358-363.

onberekbaar sodat Jode alles in hulle vermoë gedoen het om te verhoed dat hulle seuns vir diensplig geloot word.<sup>310</sup>

In Oos-Europa was die Russiese leefwyse nog op die ou feodale wyse geskoei sodat daar min sprake van liberalisme en demokrasie was. Deurdat die owerheid die Jode in 'n territoriale gebied ingeperk het, was daar baie min sosiale interaksie met gewone Russe, sodat kulturele assimilasië vertrap is en die Jode se tradisies in die ingeperkte landelike vestigingsgebiede behoue gebly het.<sup>311</sup> Jode was meesal op die bedryf van kleinskaalse handelsaktiwiteite en ambagges aangewese aangesien hulle nie grondbesitters was nie. As verarmdes het Jode ook dikwels as herbergiers, smouse, reisende kleremakers en bedelaars, gepoog om hulle lewensbrood te verdien.<sup>312</sup> Daarom moes hulle veral op hulle vernuf staat maak om te oorlewe. Dit het hulle die bynaam *Luftmenschen* besorg omdat hulle spreekwoordelik van lug sou lewe! In die *shtetlekh*, het geslagte Jode armoede verduur sodat hulle fisiek verswak, sosiaal gedemoraliseer en passief teenoor die lewe daarbuite gestaan het.<sup>313</sup> Maar S. Alaïchem, die bekende Jiddisje skrywer S. Rabinowitch, beskryf dié verarmde Jode sò: "A poor man is an unlucky man, he is a pauper, a beggar, a schnorrer, a starveling, a tramp, or a plain failure or a kasril....A kasrilik...is a man who has not allowed poverty to degrade him. He laughs at it."<sup>314</sup>

Tsar Alexander II wat van 1855-1881 regeer het, was meer liberaal en het die *Kantoniste* stelsel in 'n sekere mate afgeskaal en sekere *nuttige* Jode beloon deur hulle toe te laat om buite die vestigingsgebied te woon en te werk,<sup>315</sup> sodat

<sup>305</sup> A. N. Orbach, *New voices of Russian Jewry*, 1980, pp. 14-15.

<sup>306</sup> Nicholas I, Statutes regarding the military service of Jews. In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, pp. 377-378.

<sup>307</sup> M. Stanislawski, *Tsar Nicolas I and the Jews: 1825-1855*, 1983, p. 23.

<sup>308</sup> J. Sherman (ed.), *From a land far off*, 1987, p. 201.

<sup>309</sup> S. Levin, *Youth and revolt*, 1939, p. 5.

<sup>310</sup> *Ibid.*, pp. 30-32.

<sup>311</sup> P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, pp. 372-374.

<sup>312</sup> I. Howe and K. Libo, *How we lived: A documentary history of immigrant Jews in America*, 1979, p. 3.

<sup>313</sup> M. Stanislawski, *Tsar Nicolas I and the Jews, 1825-1855*, 1983, p. 176.

<sup>314</sup> S. Alaïchem (S. Rabinowitch), *The old country*, 1946, p. 1.

<sup>315</sup> Alexander III, The May laws (May 3, 1882). In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, p. 380; S. Levin, *Youth in revolt*, 1939, p. 7.



sommige Jode hom as 'n verlosser beskou het. Nadat hy in 1881 in 'n sluipmoord dood is, het Alexander III hom opgevolg. Hy was 'n dweper wat deur die donker bril van die Russiese kerk na die Jode gekyk het en hulle van moord op Christus beskuldig het.<sup>316</sup> Kort na die moord op Alexander II het 'n pogrom in Elizabethgrad uitgebreek, waartydens die Jode met geweld geteister is, bloedvergieting voorgekom het en eiendomme besteel en vernietig is. Daarna het pogroms van tyd tot tyd onverwags ook in ander oorde voorgekom. Vir die opkomende Jode wat ideale gekoester het om as Russe aanvaar te word was dit 'n swaar slag omdat alle denkbare strafmaatreëls teen hulle ingestel is.<sup>317</sup> Alexander III het ondersoek laat instel na die pogroms in die gemeenskap en het tot die gevolgtrekking gekom dat "Joodse uitbuiting" die oorsaak daarvan sou wees. Die gepeupel het geredeneer dat die pogroms deur die owerheid geregverdig is en dat sulke aanvalle op Jode, hoewel dit nie goedgekeur kon word nie, 'n aanduiding was dat die Russe se gevoel teen die Jode regverdigbaar was. Die jaar 1881 is gekenmerk deur "vicious, mounting and cumulatively overwhelming pressure on Russian Jewry produced the inevitable consequence - a panic flight of Jews from Russia westwards."<sup>318</sup>

In die *shtetlech* waar byna geen pogroms voorgekom het nie, het Jode in vrees geleef toe 'n reeks brande op 'n onverklaarbare wyse ontstaan het nadat die goewerneur-generaal Totleben pogroms verbied het en die *pogromtchikes* hulle op Totleben gewreek het.<sup>319</sup> Levin onthou die vrees en verleentheid wat dit meegebring het: "A Jew was ashamed to look his Gentile neighbour in the face...he was ashamed of his own shame and humiliated again by his own humiliation."<sup>320</sup> Die pogroms het 'n nuwe Joodse lewenstyl meegebring. Dit het tot 'n nuwe religieuse self-evaluering gelei waar Jode deur te vas en te bid die hoop gekoester het dat hulle soos die Israeliete uit Egipte, uit die Russiese slawerny verlos sou word. Maar hulle het geweet dat hulle altyd as Jode aan vervolging onderworpe sou wees.<sup>321</sup> Die pogroms was nie geïsoleerde gebeure nie en het in meer as twee honderd *shtetlech*, en ook in stede voorgekom. Dit

<sup>316</sup> M. Stanislawski, *Tsar Nicilas I and the Jews:1825-1855*, 1983, p. 176.

<sup>317</sup> A. N. Orbach, *New voices of Russian Jewry*, 1980, p. 194.

<sup>318</sup> P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, p. 365.

<sup>319</sup> S. Levin, *Youth in revolt*, 1939, p. 20.

<sup>320</sup> *Ibid.*, p. 10.

<sup>321</sup> *Ibid.*, pp. 27-35.

was nie polities of ideologies gemotiveer nie, is oënskynlik nie deur die owerhede gesteun nie, maar was aanvanklik spontane opwellings en nie sameswerings nie.<sup>322</sup> Waarskynlik was dit aan die volgende vyf faktore toegeskryf: Eerstens het moeilike ekonomiese tye en groot werkloosheid in Rusland geheers<sup>323</sup>; tweedens het die sluipmoord op die Alexander II politieke onstabiliteit meegebring; derdens is beweer dat Jode met die sluipmoord verbind is omdat die komplot om die tsar te vermoor in 'n Jodin, Hessie Helfman se huis gesmee is;<sup>324</sup> vierdens is die Jode as sondebokke beskou vir probleme soos dronkenskap onder die *Gentile* kleinboere omdat sommige Jode by die drankhandel betrokke was. Daarbenewens sou Jode minderwaardige goedere verhandel het en deur internasionale handelsorganisasies sou hulle magtig wees en tot 'n wêreldwye revolusie in staat wees.<sup>325</sup>

Die Meiwette wat die keiser, Alexander III, in 1882 ingestel het het verdere beperkings vir die Jode meegebring. Hiervolgens was hulle onder andere verbied om op Sondae en Christelike vakansiedae handel te dryf, sodat dit hulle omset beperk het omdat Saterdag hulle eie heilige rusdae was.<sup>326</sup> Beperkings op Joodse deelname aan opvoedkundige en ekonomiese instellings het tot korrupsie in die staatsdiens gelei. Aangesien omkoperij 'n algemene gebruik was, kon Jode ekonomies oorleef sodat die Russiese gemeenskap hulle beskuldig het dat hulle "perfumed and filthy, profiteers and beggars, greedy and starving, unscrupulous and stupid, useless and too 'useful'", sou wees.<sup>327</sup>

Die Russiese minister van binnelandse sake, W. K. von Plehve, se beleid was om die lewe vir die Jode ondraaglik te maak. Toe die broer van die tsaar, die groot hertog Sergei wat 'n intense Jodehater was, in 1891 op besoek aan Moskou verwag is, is daar besluit om Moskou van Jode te reinig. Daarmee is duisende *nuttige* Jode wat in Moskou woonagtig was, gearresteer, uit hulle huise verdryf en na afgeleë dele van Rusland verban. Hulle is van die een tronk na die

<sup>322</sup> P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, p. 364.

<sup>323</sup> A. Chekhov, *The Black monk*, 1995, pp. 44-90, skets die haglike sosiale omstandighede waarin die Russiese kleinboere geleef het.

<sup>324</sup> S. Levin, *Youth in revolt*, 1939, p. 36.

<sup>325</sup> *Ibid.*, p. 11.

<sup>326</sup> Alexander III, The May laws (May 3, 1882). In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, p. 380.

<sup>327</sup> P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, p. 363.



ander na "vryheid" vervoer om daar van ellende om te kom. Heelwat Jode het daarin geslaag om met een dag se kennisgewing hulle besittings te verkoop en na die Weste te vlug. Hierdie onverwagte dekreet het vir die Jode wêreldwyd 'n groot krisis ingehou omdat hulle nie daarop voorbereid was om sò 'n nasionale katastrofe te hanteer nie.<sup>328</sup> Die beroemde *Alliance Israélite Unverselle* wat in Frankryk tot stand gekom het om die Jode se burgerregte te bevorder, het die rol van *shtadlan* (bemiddelaar) probeer speel deur te poog om as 'n bemiddelaar vir die Ostjuden by die keiser op te tree. 'n Joodse filantroop, baron M. de Hirsch, het ook met moeite gepoog om die Russiese regering se goedkeuring te verkry vir 'n projek om "onwenslike" Jode in Argentinië te vestig.<sup>329</sup>

Tsaar Nicholas II, wat vanaf 1895-1918 aan bewind was, het die beleid om die Jode te verdruk voortgesit. Die sinagoge in Moskou was tydens die verbannings van 1891 gesluit, maar verteenwoordigers van die Joodse gemeenskap het aansoek gedoen dat dit heropen kon word sodat 'n spesiale diens daarin gehou kon word, om die tsaar se inhuldiging te gedenk. Hierdie versoek is geweier aangesien dit "an arrogant violation of the sovereign will" sou wees.<sup>330</sup> Hierdie Judeofobie is volgens twee denkwyses geregverdig: Eerstens is beweer dat indien die Jode met hulle eie kultuur ook volle burgerregte sou verkry, dit die Russiese kultuur sou bedreig. Erkenning is wel aan sommige *nuttige* Jode gegee wat deur die owerhede aanvaar is. Tweedens, het die owerhede gereken dat die emansipasie van Jode in Wes-Europa 'n groot fout was omdat dit Joodse nasionalisme sou bevorder en hulle in staat sou stel om vaardighede te ontwikkel wat uiteindelik tot ver-Joodsing van die Russiese gemeenskap sou lei.<sup>331</sup> Judeofobie was dus 'n religieuse, kulturele en rassistiese aangeleentheid.

Die "Joodse vraagstuk" het geleidelik versnel omdat die Russe self met hulle eie identiteit geworstel het en die Jode as 'n bedreiging ervaar het.<sup>332</sup> Daarom was Joodse deelname aan professionele beroepe beperk. Teoreties kon 'n Jood enige pos beklee maar "without undergoing the rite of baptism it is well nigh

<sup>328</sup> S. Levin, *Youth in revolt*, 1939, pp. 250-255.

<sup>329</sup> Baron Maurice de Hirsch, *Appeal to the Jews in Russia* (1891), In P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, pp. 416-417.

<sup>330</sup> *Ibid.*, pp. 577-580.

<sup>331</sup> A. N. Orbach, *New voices of Russian Jewry*, 1980, p. 188.

impossible for a Jew to fulfil all the conditions preliminary to employment by the state."<sup>333</sup> Maar Levin wat dit self beleef het, beweer dat die priester op Goeie Vrydag uitgeroep het: "Kill the Jews- they crucified Christ", maar dan ook die gepeupel met gebed probeer beheer het. Die Joodse bede was "to break free, if only for a moment, from the great prison which was called Russia; to fill his lungs deep, if only for once, with the breath of freedom."<sup>334</sup>

Heelwat mites van Joodse sameswerings om die wêreldorde omver te werp het in die negentiende eeu ontstaan toe daar gegis is oor geheime byeenkomste wat die Joodse wysgere saam met die Vrymesselaars sou bywoon. Daar is ook beweer dat die Jode die stukrag agter die ongure invloede van die moderne leefwyse sou wees en dat hulle die pers sou beheer. Die "*Protocols of the meetings of the Zionist men of wisdom*" is in 1902 in Rusland gepubliseer maar is deur Nicholas II as vervalsings verwerp. Dit het egter die grondslag gevorm vir die *Protocols of the Elders of Zion* wat in 1918 in Europa gepubliseer is.<sup>335</sup>

In 1903 het pogroms weer in die Oekraïne en Bessarabië voorgekom waartydens 64 gemeenskappe verwoes en 300 Jode gedood en honderde beseer is. Hierdie pogroms, soos dié in Kishineff is toegeskryf aan Von Plehve wat "prescribed and arranged a blood bath of Jews of all ages."<sup>336</sup> Toe Von Plehve onverwags in 1904 in 'n sluipmoord omgekom het, het die vermoede ontstaan dat die moordenaar 'n Jood sou wees. *The Star* het hieroor berig en die mening uitgespreek: "He deserved his fate for ill treating the Jews."<sup>337</sup> Dit was veral die "Black Hundreds", bendes, wat tereur gesaai het vir wie die Jode veral bevrees was. Aleichem het in 1905 die gebeure aan 'n koerant in New York beskryf en gesmeek dat die buitewêreld daarvan in kennis gestel word.<sup>338</sup> In 1906 was daar pogroms in Bialystok, waartydens die polisie ook deelgeneem het.<sup>339</sup> Levin wat

<sup>332</sup> *Ibid.*, p. 188.

<sup>333</sup> P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, p. 362; S. Levin, *Youth in revolt*, 1939, p. 195.

<sup>334</sup> S. Levin, *Youth in revolt*, 1939, p. 220.

<sup>335</sup> P. Mendes-Flohr and J. Reinharz (eds.), *The Jew in the modern world*, 1995, pp. 363-367; P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, p. 456.

<sup>336</sup> S. Levin, *The Arena*, 1932, p. 252.

<sup>337</sup> *The Star*, July 29, 30 July 1904.

<sup>338</sup> I. Howe and K. Libo, *How we lived: A documentary history of immigrant Jews in America*, 1979, pp. 14-16.

<sup>339</sup> Y. Slutsky, B. Eliav, S. Langnas, T. Lavi, B. Yaron and A. Herzberg, *Numerus*



dit ook beleef het, skryf dat hy besef het dat die Jode 'n eie Joodse tuisland nodig sou hê omdat Jode in hulle geboorteland "verdryf" gevoel het. Benewens die onrus wat tydens die pogroms ontstaan het, het die Jode in Oos-Europa in vrees geleef vir brande wat onverklaarbaar ontstaan het. Jode het ook die Christene se gedrag tydens paasfees gevrees. B. Sachs, wat daar groot geword het voordat hy as kind na Suid-Afrika verhuis het onthou ook hoe die priester op Goeie Vrydag uitgeroep het: "Kill the Jews - they crucified Christ,"<sup>340</sup> maar dan ook die gepeupel met gebed probeer beheer het. Sachs wys daarop dat die Jode altyd tydens Paasfees na Jerusalem bly hunker het, "Nothing mattered to the Jews...nothing except the dream of returning to the Land of their fathers."<sup>341</sup>

Hierdie beperkings op die Joodse lewenswyse en veral die wyse waarop die pogroms oogluikend deur die owerhede toegelaat is, het tot grootskaalse emigrasie aanleiding gegee. Dit was derhalwe 'n groot waagstuk gewees maar die probleem van emigrante was nie "whither, but whence: out of Russia. And there were some who actually asked to be sent to Palestine."<sup>342</sup> Hulle het verskillend gereageer: Daar was eerstens Russiese Jode wat met "die Westerse denkwys" geïdentifiseer het wat bereid was om na *di goldene medina* ('n goue land) te emigreer waar hulle in vrede kon leef. Dit was geen maklike besluit om die geboorteplek te verlaat nie omdat daar geen sekerheid was van wat die toekoms sou inhou nie.<sup>343</sup> 'n Tweede groep wat nie vir emigrasie kans gesien het nie, het met die *Haskalah*, (Joodse Verligtingsdenke) geassosieer en gepoog om as lojale gelowige Jode by die leefwyse in Rusland, aan te pas. Die derde groep het hulle al meer begin distansieer van die Jiddisj-gebaseerde tradisies en by die Russe geassimileer geraak. Al drie groepe was egter beïnvloed deur ideologieë soos Sionisme (nasionalisme), liberalisme en sosialisme sodat dit hulle Joodse identiteit en denkwys beïnvloed het.<sup>344</sup>

---

*clausus*. In Y. Heinemann, J. Gutmann, L.Poliakov, P. Weissman, A. Hertzberg, Y. Harkabi and B. Eliav (eds.), *Israel Pocket Library: Antisemitism*, 1974, pp. 125-134.

<sup>340</sup> B. Sachs, *A mist of memory: An autobiography*, 1973, p. 21.

<sup>341</sup> *Ibid.*, p. 10.

<sup>342</sup> S. Levin, *Youth in revolt*, 1939, pp. 256-258.

<sup>343</sup> I. Howe and K. Libo, *How we lived: A documentary history of immigrant Jews in America*, 1979, p. 17.

<sup>344</sup> A. Orbach, *New voices of Russian Jewry*, 1980, p. 207.

Immigrasie van *Ostjuden* het vanaf 1881 na Europa en Brittanje 'n dramatiese verandering in die kwantiteit asook kwaliteit in die Joodse gemeenskappe aldaar meegebring, omdat die groot aantal armlastige Joodse vlugtelinge sosio-ekonomiese eise aan die Joodse gemeenskappe gestel het. Die verarmde ortodokse *Ostjuden* was ook in Duitsland 'n verleentheid. Levin beskryf dit sò:

The Jews in Germany looked down on the Jews of Eastern Europe. They were totally ignorant of the important and organized political struggle which was then taking place within the body of Russian Jewry. No one had an inkling of the new Hebraic literature which was then beginning to blossom. As for the Yiddish literature, that was beneath the notice of the German Jews, for Yiddish as a language was a constant shame and reproach to them. They said that Yiddish was Maushel language.<sup>345</sup>

In Duitsland het Jode alles in hulle vermoë gedoen om *Ostjuden* wat daarheen gevlug het te help om na Brittanje te verhuis om te verseker dat hulle nie daar sou bly woon nie.<sup>346</sup> Gedurende Maart in 1892 het die Duitse owerheid die *Ostjuden* verbied om oor die Duitse grense na die Weste te vlug. 'n Groot aantal *Ostjuden* wat in die geheim van Rusland oor die grens wou ontvlug, is summier in hegtenis geneem en teruggestuur. Die emigrasie-agente wat hulle vergesel het, is ook in hegtenis geneem. Die *Standard and Digger's News* het oor hierdie dilemma berig:

These measures will probably result in untold misery to thousands as there are no means of making the decree known throughout Russia, and Jews from the interior will continue arriving at the frontier, where there is no possibility of accomodating or feeding them, only to be turned back.<sup>347</sup>

Die reis tussen Oos-Europa en Brittanje het 'n paar dae geduur waarin hulle baie ongemak en moeilike omstandighede moes verduur. 'n Beduidende aantal Wes-Europese Jode was reeds in Brittanje woonagtig en was as Anglo-Jode reeds in 'n groot mate ver-Engels en tot die middelklas toegelaat toe die verarmde *Ostjuden* hulle opwagting in Brittanje gemaak het.<sup>348</sup> By hulle aankoms was daar verskillende simpatieke, filantropies ingestelde Anglo-Joodse helpers, soos verteenwoordigers van die "Jewish Board of Guardians", wat hulle sosiale verantwoordelikheid gestand gedoen het en hulp verleen het. Reeds in 1885 is 'n "Jews' Temporary Shelter" ingerig met geld wat oraloor ingesamel is en waar

<sup>345</sup> S. Levin, *Youth in revolt*, 1939, p. 226.

<sup>346</sup> S. Dubnov, *History of the Jews*: Vol. v, 1916-1920, pp. 565-577.

<sup>347</sup> *Standard and Digger's News*, 25 April 1892.

<sup>348</sup> D. Feldman, *Englishmen and Jews: Social relations and political culture*, 1994, p. 1.



Jode kon tuisgaan terwyl hulle op 'n passaat na die buiteland gewag het. Die vraagstuk was dus hoe om die *Ostjuden* wat as *paupers* beskou is, geakkomodeer en so spoedig moontlik na elders versend kon word.<sup>349</sup> 'n Joodse akademikus, B. Pinkus, wys daarop dat die Jode wat in Rusland verdruk is en aan diskriminasie onderworpe was, 'n nasionale karaktertrek, *Yiddishkeit*<sup>350</sup> ontwikkel het wat "became the basis of modern Jewish culture throughout the world."<sup>351</sup> Tussen 1881-1916 het die Russies-Joodse komitee in London om en by 400 Joodse gesinne gehelp om na Suid-Afrika te emigreer om sodoende ook die kultuur van *Yiddishkeit*, mee te bring.<sup>352</sup>

### SAMEVATTING

Die ontwikkeling van die "Joodse vraagstuk" wat met anti-Semitisme gepaard gaan, toon dat die *Joodse nasionale karakter*, wat as "anders" as dié van die *Gentiles* bestempel is en aan *Yiddishkeit* gekenmerk is, 'n beduidende rol gespeel het. Dit het beteken dat Jode gewoonlik as 'n minderheidsgroep, 'n marginale posisie in die samelewing beklee het en dikwels tydens krisisse as sondebokke bestempel is. Die Joodse leefwyse was vanaf die Hebreeus/Isrealitiese tydperk deurentyd aan anti-Joodse perspektiewe in die *Gentile*-samelewings onderworpe. Hierdie ingesteldhede het probleme maar ook voordele ingehou. Die Hebreeus/Israelitiese tydperk het die voordeel ingehou dat God aan Sy volk sekere norme voorgehou het, sodat hulle presies geweet het hoe om op te tree. Dit het verhoed dat talle Jode met die *Gentiles* sou assimileer en verseker dat hulle religie nie verlore sou gaan nie. Later het God die Wet aan Moses geopenbaar en hulle tydens die bevrydingsreis uit Egipte merkwaardig ondersteun, sodat Sy volk 'n eie identiteit - wat "anders" as dié van die *Gentiles* was - gevorm het.

Die wegvoering van Jode na Babilonië het dié voordeel ingehou dat hulle van 'n volksgevoel bewus geword het en die Judaïsme as 'n religie sy beslag gekry het.

<sup>349</sup> *Ibid.*, pp. 6-16.

<sup>350</sup> N. M. Cowan and R. S. Cowan, *Our parent's lives*, 1989, p. 4.

<sup>351</sup> B. Pinkus, *The Jews of the Soviet Union. The history of a national minority*, 1988, p. 39.

<sup>352</sup> C. Gershtater, From Lithuania to South Africa. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A history*, 1955, p. 77.

Die Pentateug (*Torah*) is uit mondelinge oorleweringe saamgestel en die Talmoed is as 'n leerboek vir Joodse gedrag opgestel. Nadat hulle deur die owerhede aangemoedig is om terug te gaan het hulle die tempel herbou en is Jerusalem, weer bewoon. Tydens die Griekse heerskappy het talle Jode die Griekse gebruike aangeneem. Maar toe die Grieke gepoog het om hulle religie uit te wis en hulle tempel te verontreinig het, het die Jode onder Judas Makkabeus se leierskap konflik ervaar. Dit het tot 'n bloedige opstand gelei waarin die Jode verseker het dat hulle geloof en hulle identiteit behoue sou bly. Tydens die Romeinse heerskappy is Jerusalem met die tempel waarop hulle so trots was, vernietig en is Jode wêreldwyd verstrooi. Maar Jerusalem en die tempel het deur die eeue heen vir die Jode 'n besondere simboliese betekenis gehad, daarom is dit verstaanbaar dat hulle deurentyd daarna gehunker het om daarheen terug te keer. Maar die leraars van die vroeë Christelike kerk was die Jode vyandig gesind omdat hulle "blind" was vir die "waarheid" sodat wrede vervolgings veral tydens die kruistogte voorgekom het.

Gedurende die Katedokrasie het Joodse wysgere wat verspreid geleef het gepoog om die Judaïsme in *Gentile*-samelewings in stand te hou. Die Hervorming en gepaardgaande gebeure het ook geen verbetering vir die Jode se omstandighede meegebring nie, maar nogtans het die meeste Jode ten spyte van vervolgings en verskuiwings vasberade aan hulle tradisies getrou gebly. Tydens die ghettotyperk is hulle in verskeie oorde in eie woongebiede ingeperk wat wel dié voordeel ingehou het dat hulle 'n gevoel van solidariteit en trots opgebou het. Teen die laat agttiende eeu het die Verligtingsdenkers daartoe bygedra dat die begrip *Joodse nasionale karakter* geformuleer is toe filosowe die Jode se posisie in die samelewing bevraagteken het. Hoewel daar in die vroeë negentiende eeu eenstemmigheid onder die owerhede oor Joodse emansipasie verkry is, het uiteenlopende denkwyses oor die *Joodse nasionale karakter*, verwarring ingehou.

Joodse emansipasie, hoewel dit gaandeweg deur die owerhede aanvaar is, het nie die "Joodse vraagstuk" opgelos nie. Die voordeel was dat 'n gevoel van nasionalisme, wat veral na aanleiding van die Dreyfus-gebeure ontstaan het, aanleidend gegee tot die totstandkoming van *Chibath Zion*, (liefde vir Sion) wat reeds in Oos-Europa inslag gevind het. Elke Joodse gemeenskap was bewus



van hulle verantwoordelikheid, 'n lewenskrag wat hulle aan God en teenoor mekaar verbind het, sodat hulle wens was om die volgende paasfees in Jerusalem te vier.

Sartre stel dit onomwonde dat Jode saamgesnoer word in die situasie waarin hulle verkeer: Hulle leef en werk in gemeenskappe wat hulle as Jode definieer. As mens is hy ge-etiket as 'n Jood, en of hy 'n gelowige of 'n ongelowige Jood is, hy bly 'n Jood. Dit weerhou hulle om geassimileer te raak. Dié volgehoue Judeofobie wat van vroeg af ontstaan het, het dus daartoe bygedra dat Jode meesal vasberade aan hulle eie kultuur en gebruike getrou is. Hiervolgens kan Judeofobie of *Judenhass*, wat onderliggend aan die "Joodse probleem" was, toegeskryf word aan die optrede en houding van veral liefdelose Christene. Dié *Judenhass* en fisieke vervolging van vorige eeue het teen die laat negentiende eeu 'n rassistiese vorm aangeneem wat met verloop van tyd as anti-Semitisme gedefinieer is. Dit het nie die Joodse nasionalisme uitgedoof nie maar dit eerder versterk.

Talle Jode van heterogene afkoms, naamlik Anglo-Jode, *Westjuden* en *Ostjuden*, het veral onder druk van die omstandighede in hulle lande van herkoms, besluit om na die Westerse lande soos onder andere na Suid-Afrika te emigreer. Hulle sou vryheid verkry maar ook geen maklike taak hê om in 'n vreemde omgewing gewortel te raak nie. Een rede hiervoor, wat op die *Ostjuden*, wat minder gesofistikeerd as die *Westjuden* was, van toepassing was, was hulle *Yiddishkeit*. Dit het aanpassing in die vreemde moeilik gemaak, veral omdat die meeste van hulle net Jiddisj as taal kon praat. Andere weer het besluit om in die lande van hulle geboorte aan te bly, en het vasberade gepoog om sonder om hulle identiteit prys te gee, by die *Gentiles* se leefwyse in te skakel. Maar nie een van dié groepe kon daarin slaag om van die "Joodse probleem" en gepaardgaande anti-Semitisme te ontvlug nie.